# NATUREL SIEN UIT NA DAG AS PRETORIA SWART PREMIER HET

*(Randse Verteenwoordiger)*

JOHANNESBURG.

**BELANGWEKKENDE** besluite wat moontlik verreikende implikasies inhou, is die afgelope naweek in Johannesburg op vergaderings van die Liberal Party, die African National Congress en die nuwe ekstremistiese groep Africanists geneem.

Na nou berig word was daar 'n „toenadering" op die kongres van die Liberal Party en die African National Congress. Hierdie toenadering is agter geslote deure bespreek.

Jordan Ngubane, ondervoorsitter van die A.N.C., wat verlede jaar 'n afvaardiging na die konferensie in Ghana gelei het, het op die vergadering gesê dat hy uitsien na die dag wanneer daar in Pretoria 'n swart eerste minister sal wees.

Intussen het die Africanists wat nou finaal weggebreek het van die A.N.C. Sondag op Orlando hul eie beweging gestig, die Pan Africanists Congress.

Die vergadering wat deur meer as driehonderd belanghebbendes uit alle dele van die Unie bygewoon is, het langer as sestien uur geduur — van halftien Sondagoggend tot Maandagoggend om vieruur.

Robert Sobukwe, lektor in Bantoe-tale aan die Universiteit van die Witwatersrand, was die leidende persoonlikheid op die Africanists se stigtingsvergadering en hy is verkies tot ere-voorsitter.

Die hoofdoel en uitgangspunt van die nuwe beweging is „om die begrip van blanke heerskappy in Suid-Afrika uit te wis," het Sobukwe gesê.

Die grootste deel van die verrigtinge was vir die pers gesluit, veral die besprekinge van die organisasie se manifes, grondwet en beleidsverklaring.

Die Congress het hom ten doel gestel om honderdduisend lede teen 31 Julie vanjaar te werf en op daardie datum sal 'n nasionale „heldedag" gehou word.

In meer as een opsig het die vergadering verskil van die A.N.C. se byeenkomste. Daar is veel minder geskree en gesing as op A.N.C.-vergaderings.

Terwyl daar op A.N.C.-vergaderings gewoonlik net soveel vroue as mans is, was daar op die Africanists se vergadering byna net mans, veral baie jong naturelle.

En waar die A.N.C. se vergaderings deur Indiërs, Kleurlinge en blankes bygewoon word, behalwe die meerderheid van naturelle, was daar net naturelle op die Africanists se byeenkoms.

Robert Sobukwe Papers

*PUBLISHER:*
*Publisher:-* **Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2010**

*LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

*DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **A2618-Cp2-4-10**
*Document Title:-* **Die Volksblad: Naturel sien uit na dag as Pretoria swart Premier het (Translation: Native [sic] looks forward to the day when Pretoria has a black Premier)**
*Author:-* **Die Volksblad**
*Document Date:-* **8 April 1959**